



Privaat en konfidensieel

Beste Kliënt

REGULATORIESE BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN OPENBAARMAKING

1. Finansiële Adviseurs word Gereguleer in terme van Die FAIS Wet

In terme van die FAIS wet (Financial Advisory and Intermediary Services) word daar van ons verwag om aan u sekere inligting beskikbaar te stel ten opsigte van ons besigheidsentiteit en ons werknemers. Finansiële adviseurs was nie voorheen gereguleer soos in die geval van prokureurs, dokters en ouditeure nie, 'n dokter bv. moet ten minste 'n M.B.Ch.B graad hê, met die nodige ervaring en geregistreer wees by die mediese en tandheelkundige raad van Suid Afrika. Finansiële adviseurs word nou ook gereguleer en daar is dus ook hier 3 aspekte ten opsigte van hulle self wat hulle veronderstel is om aan hulle kliënte en voornemende kliënte te verduidelik, naamlik:

- 1.1 Die akademiese kwalifikasies van die sleutel persone
- 1.2 Hulle ervaring ten opsigte die produkte waarvan hulle advies gee
- 1.3 Of hulle gelisensieer is ten opsigte van genoemde produkte

2. Sleutel Persone, Annaliste, Verteenwoordigers en Voldoenings Beampte

André Delport (Voorsitter/Fondsbestuurder/ Finansiële Adviseer)

B.luris (UP) graad, met 'n minimum van 5 jaar fonds bestuurservaring en 'n kategorie IIA lisensie, (wat kategorie I en II lisensies insluit). Andre is die sleutel persoon van Kanaan Trust reeds sedert die Trust se ontstaan.

Gert Delport (CEO/ Finansiële Bestuurder / Fondsbestuurder / Finansiële Adviseer)

B.Com (Fin) graad en studeer tans vir sy CFA (Chartered Financial Analyst) met 'n minimum 5 jaar fondsbestuurservaring en 'n Kategorie IIA lisensie. (Wat kategorie I en II lisensies insluit.)

Andries van Tonder (Annalis / Finansiële Adviseer / Voldoenings beampte)

B.Sc. graad (Chemiese Ingenieurswese) en studeer tans vir sy aktuariële graad en het 3 jaar fondsbestuurservaring met 'n kategorie I lisensie, wat ook op die FSCA (Financial Sector Conduct Authority) website vertoon. Hy het ook sy PGDFP (Postgraduate Diploma in Financial Planning) aan die Universiteit van die Vrystaat in 2017 voltooi.

Johannes Delport (IT Manager/Administrateur)

IT Diploma

Jennifer Delpont

B.Com graad.

3. Goedgekeurde Finansiële Dienste Verskaffer

Kanaan Asset Managers is Goedgekeurde Finansiële Dienste Verskaffer (FSP 528) en het 'n lisensie om advies te gee met tussengangers in diens, ten opsigte van die volgende lisensie kategorieë:

- Kategorie I** - Lang Termyn Versekering Kategorie C, Kleinhandel Pensioen Voordele, deelnemende belange in kollektiewe beleggings. Tree op as 'n IFA (Independent Financial Adviser). Onafhanklike finansiële adviseurs se fooi ten opsigte van beleggings onder bestuur, wissel gewoonlik tussen 0.5% tot en met 1% per jaar en is gewoonlik duurder as die van FA's (Finansiële Adviseurs) wie se advies ten opsigte van finansiële produkte beperk is tot die instansie vir wie hulle werk, soos byvoorbeeld vir Ou Mutual, Sanlam of Nedbank.
- Kategorie II** - Lang Termyn Versekering Kategorie B en C, kleinhandel pensioen voordele, Pensioenfonds voordele, Geld Mark instrumente, deelnemende belange in kollektiewe trust skemas. Tree op ook as 'n **DFA (Discretionary Financial Advisor)**. Alhoewel finansiële adviseurs soos Kanaan Bate Bestuurders, wat as DIM's optree, dieselfde minimum kwalifikasie en lisensie moet hê as die van die fonds bestuurders van die instellings, soos byvoorbeeld die van Ou Mutual, Sanlam en die banke, het hulle gewoonlik nie dieselfde ervaring en opleiding ten opsigte van fondsbestuur, in terme daarvan om aandele te koop en te verkoop nie. Ons bestuur dus nie aandeel portfeuljes namens kliënte nie, maar portfeuljes van fondse in terme van fonds van fondse en saamvat fondse, ooreenkomstig kliënte se risiko profiele en omstandighede, met die klem op risiko bestuur.
- Kategorie IIA** - Hedge Fonds FSP (Finansiële Dienste Verskaffer) Tree op ook as 'n DFA (Discretionary Financial Advisor).

'n Afskrif van die lisensie, met die inhoud van die finansiële Diens waartoe Kanaan Trust gemagtig is, sowel as enige Uitgesluit luitings is beskikbaar op aanvraag. Omdat Kanaan Trust in die eerste instansie 'n finansiële adviseer is, maar bykomend bogenoemde fonds bestuurslisensie het, soos hier bo genoem, nie met die oog daarop om aandele te koop en te verkoop, maar meer met die doel om risikobestuur toe te pas vir kliënte, word finansiële adviseers soos Kanaan genoem; **DFAs (Discretionary Financial Advisors)** om hulle te met die selfde fonds bestuurslisensies, maar wat as hulle primêre taak hul Uitgesluit luitlik besighou met die koop en verkoop van aandele namens kliënte en finansiële adviseers, sowel as namens DIMs.

4. Maak Seker Jou Finansiële Adviseur het die Regte Kwalifikasies

Dit is belangrik dat u as belegger moet kyk of 'n finansiële adviseur wat u benader of wat deur u benader word, die nodige akademiese kwalifikasies, ondervinding en lisensie het om die bepaalde advies te gee om te belê of om die belegging te onttrek uit die bepaalde unit trust of hedge fondse.

5. Besoek die Financial Services Provider (FSP) FSCA Website

You can check whether the applicable FSP (Financial Services Provider), has the necessary CAT 1, CAT II or CAT IIA license by visiting <https://www.fsca.co.za/Pages/Default.aspx> and click on:

- 5.1 Regulated Entities
- 5.2 List of Regulated Entities and Persons - FAIS
- 5.3 Financial Service Provider (FSP)
- 5.4 FSP Number, or FSP name (en byvoorbeeld tik in: Kanaan Trust)
- 5.5 Submit
- 5.6 Details
- 5.7 Contact Details
- 5.8 Klik op “Key Individual”, scroll af na Products en klik daarop. Op hierdie stadium sal u die produkte sien waarvoor die bepaalde Key Individual gelisensieer is.
- 5.9 Produkte

Indien u, soos hierbo aangetoon, die FSCA se webwerf besoek sal u sien dat produkte word gekategoriseer in kategorieë en sub-kategorieë. Kategorie I beteken die bepaalde Key Individual en sy bemarkers mag die bepaalde produk bemark. Kategorie II, die bepaalde “Key Individual” (sleutelpersoon) mag die bepaalde produk bemark en bestuur soos bv. in die geval van pensioenfondse en Collective Investment Schemes (Effekte trust) mag die bepaalde sleutelpersoon en sy personeel die bepaalde fonds bestuur, die nodige veranderinge, aankope en verkope doen, sonder om noodwendig elke kliënt se toestemming keer op keer te verkry, en tree hier op as ’n DFA (Discretionary Financial Advisor)

Die laaste Inskrywing is Kategorie IIA, ten opsigte van Hedge Fondse. Indien daar nie hierdie bepaalde inskrywing verskyn onder die naam van die sleutel persoon nie, beteken dit dat hy nie ’n lisensie het om advies te gee ten opsigte van hedge fondse nie.

Lede van die publiek mag wel direk in enige een van die bogenoemde produkte belê, sowel as in buitelandse fondse wat nie in Suid Afrika gereguleer is, maar wel in die buiteland gereguleer is, sonder die advies van ’n gelisensieerde finansiële adviseur, indien hulle voel dat hulle self die nodige kwalifikasies, ervaring, tyd en selfvertroue het om sulke beleggings self te maak en te bestuur, onder welke omstandighede hulle nie die finansiële adviseur fooi sal hoef te betaal nie.

6 Produk Verskaffers

Waar kliënte of prospekte hierdie brief van openbaarmaking en bekendstelling aanvaar het en Kanaan Batebestuurders toelaat om vir hulle ’n ontleding van hulle onmiddellike, tussentydse en aftree kapitaal behoeftes te doen, kan Kanaan Batebestuurders na aanleiding van so ’n ontleding sekere risiko en finansiële produkte voorstel deur die gebruikmaking van onderstaande administrateurs en instellings met wie Kanaan batebestuurders gekontrakteer is.

- 6.1 Absa Investment Management Services
- 6.2 Boutique Collective Investments
- 6.3 Momentum Life, Momentum Wealth
- 6.4 Old Mutual
- 6.5 Sanlam Glacier
- 6.6 Investec
- 6.7 PSG Asset Management

6.8 Metropolitan Life

6.9 International Assurance Ltd

7. Vrywaringsdekking

Kanaan Trust het professionele vrywarings versekering deur Coleman Insurance Brokers cc.

8. Voldoening

Voldoening aan die FAIS Wet word gemoniteer deur ons eksterne voldoenings beampte, Michael Denenga, wie goedgekeur is deur die FDR. Sy epos adres is as volg mdenenga@corporatecounsel.co.za.

9. Konfidensialiteit van kliënte

Kanaan Trust bevestig hiermee dat alle inligting ten opsigte van kliënte, konfidensieel en vertroulik hanteer word, tensy Kanaan Trust skriftelike toestemming van 'n kliënt verkry, of in terme van een of ander wet verplig is om sulke inligting bekend te maak.

10. Klagtes

In die geval van klagtes ten opsigte van enige aspek van Kanaan Trust se diens, moet die klagte op skrif aangemeld word by die adresse van Kanaan Trust, Postnet Suite 94, Private Bag X0003, Ballito, 4420. 'n Afskrif van Kanaan Trust se Klagte Resolusie Beleid is beskikbaar op aanvraag.

11. Fooie

11.1 Omvattende Finansiële Advies

Vir omvattende finansiële advies en diens hef Kanaan 1% per jaar, wat maandeliks agterna afgetrek word vanaf onderaande van die beleggings wat gemaak is via Kanaan Batebestuurders en/ of bates wat deur Kanaan Batebestuurders bestuur word. Waar Kanaan Batebestuurders aansoek vir lewens dekking en ongeskiktheid, namens 'n kliënt prosesseer, ontvang Kanaan Batebestuurders kommissie, volgens die voorgeskrewe kommissie van die bepaalde versekerings maatskappy. Die maksimum aanvangs kommissie is 5% van die belegging, wat onderhandelbaar is en wat afgetrek word van die belegging voordat die belegging belê word. Kanaan ontvang nie addisionele inkomste vir dienste gelewer nie en le nie 'n rekening aan kliënte voor in terme van die volgende:

Ondergenoemde advies sluit in, maar is nie beperk tot:

- Onmiddellike kapitaal beplanning
- Tussentydse kapitaal beplanning
- Aftree kapitaal beplanning
- Inkomste belasting beplanning
- Boedel belasting beplanning
- Familie trust en testamente
- Herbalansering van beleggings portefeuljes
- Advies ten opsigte van klein besighede se bestuur en strategiese beplanning
- Aktiewe Fondsbestuur
- Passiewe Fondsbestuur

11.1.1 Wat is Aktiewe Fondsbestuur?

Daar is nou al vir dekades 'n akademiese debat aan die gang, naamlik of aktiewe fondsbestuur of passiewe fondsbestuur die beste is. Passiewe fondsbestuur het 'n benadering van "buy and hold" en "don't try to time the markets". **Groei** beleggings doen gewoonlik oor die langtermyn aansienlik beter as rentedraende beleggings, maar groei beleggings, soos byvoorbeeld eiendom en aandele vermeerder en verminder in waarde voortdurend. 'n Groei belegging kan in een enkele maand meer in waarde toeneem as wat 'n rentedraende belegging in 'n jaar kan toeneem, maar dieselfde groei belegging kan ook in een enkele maand met dieselfde hoeveelheid in waarde verminder. Hierdie maandelikse, kwartaallikse en jaarlikse prys wisselvalligheid is normaal in die geval van groei beleggings en ons stem saam dat 'n mens nie moet probeer vooraf bepaal watter kwartaal jou groei belegging 'n waarde korreksie tot gevolg gaan hê nie, want as jou tydsberekening verkeerd is, gaan jy te laat verkoop wanneer die fonds reeds klaar in waarde gedaal het en dan verkoop jy teen 'n verlies en dan is die kans goed dat jy wanneer jy weer gaan koop, te laat koop, wanneer die prys alreeds te veel gestyg het en so doende boer jy dan agter uit. Daar vind egter gemiddeld een maal elke tien jaar wêreldwyd 'n groot mark korreksie plaas, wat indien dit groot genoeg is, as 'n mark ineenstorting bestempel word, wanneer die markte en dan ook die groeifondse met tot meer as 50% in waarde kan val. Na ongeveer 'n jaar of twee, herstel die markte gewoonlik weer met meer as wat dit in waarde geval het en die belegger wat nie sy toegang en uitgang uit groeifondse probeer vooraf bepaal het nie, maar slegs bloot 'n benadering van koop en hou gevolg het, sal uiteindelik oor die lang termyn ver beter gevaar het as die belegger wat bloot in 'n rentedraende belegging gebly het, of beleggers wat die ineenstortings vooraf probeer bepaal het.

Ons hier by Kanaan Trust het egter die groot mark ineenstorting van Oktober 1987 duidelik gesien kom weens sekere duidelike mark indikatore, van hoë prys verdienstes van aandele hoë inflasie en gepaardgaande hoë rentekoerse en toe die Suid Afrikaanse Aandelebeurs daardie oggend met 5% val, het ons besluit om ons paar kliënte wat in effekte trust groei fondse belê was, te kontak en te oortuig om te teken vir die tegeldemaking van hulle beleggings. Ons het gevoel dat die 5% wat hulle verloor het, niks is in verhouding met die $\pm 20\%$ per jaar wat hulle die voorafgaande paar jaar verdien het en niks is in verhouding met die potensiele verdere 50% wat die mark in die volgende paar maande kon val. Die aandelebeurs het toe met meer as 50% geval en ons het besef dat die koop en hou benadering nog steeds goed is vir beleggers en hulle finansiële adviseurs wat nie die regte aanvoeling het van wanneer om te gelde te maak en wanneer om weer aan te koop nie, maar wel problematies vir pensioenarisse wat hulle inkomste uit hulle beleggings moet trek en nie die koop en hou benadering kan volg nie.

Ons het toe besef dat indien ons lateraan honderde kliënte in beleggings het, dat ons nie betyds tydens die volgende groot mark ineenstorting by hulle almal sal kan uitkom om hulle na kontant toe om te skakel nie. Ons het dus die nodige eksamens afgelê en tydens 1995, ons kategorie II fondsbestuurder lisensie bekom en ons fonds van fondse opgerig.

Die vraag ontstaan dan waarom die groot instellings nie hulle groei fondse ook vooraf tydens mark ineenstortings na kontant omskakel nie. Die rede daarvoor is nie dat hulle nie die nodige kennis en ervaring het nie, maar bloot omdat hulle nie fondse van R50 biljoen of meer oornag te gelde kan maak sonder dat hulle die beurs nog verder in duie sal laat stort nie, voordat hulle al hulle aandele verkoop het.

Ons aktiewe fonds bestuur strategie behels nie dat ons soos die onderliggende fondse van ons fonds van fondse, aandele verhandel nie, maar bloot dat ons die onderliggende fondse van ons

fonds van fondse Uitgesluit oek, die wat ons meen die beste by ons mandaat aangepas is. Ons kan van tyd tot tyd ook van die fondse wat ons uitgesoek het en wat begin onder presteer vervang met 'n ander fonds.

Soos voorheen genoem het ons dit wel reg gekry om twee weke voor die Far East Pacific Crash van 1998 ons portefeuljes na kontant toe om te skakel, so ook tydens die IT Bubble Crash van 2000, die Currency Crash van 2001 en die Credit Crunch van 2008, alhoewel ons nie waarborg dat ons dit altyd betyds sal regkry nie. Weens ons aktiewe fondsbestuur styl en benadering en weens die feit dat ons besef dat ons nie noodwendig tydens alle ineenstortings betyds na kontant toe sal omskakel en dan 'n benadering van koop en hou sal moet volg, het ons reeds tydens 2005 besluit om ook fondse in ander bate klasse te bestuur, wat nie korreleer met die tipiese groei fondse in die hoof bate klas, ekwiteite nie. Die voordeel daarvan is dat indien die een bate klas ineenstort, die ander bate klas dan gewoonlik groei. Ekonomie beveel dus beleggers aan om nie al hulle eiers in een mandjie met een enkele bate klas te hou nie. Ons was dus volgens ons kennis die eerste onafhanklike finansiële adviseur in Suid Afrika wat 'n kategorie IIA hedge fonds lisensie bekom het, om hedge fonds van fondse te bestuur en daar was tydens Junie 2017 in Suid Afrika steeds slegs 25 hedge fonds van fondse, wat deur die groot pensioen fondse bestuur word en waarvan Kanaan Hedge Fonds van Fondse steeds die enigste hedge fonds van fondse van 'n onafhanklike finansiële adviseurs was.

11.1.2 Moontlike Konflik van Belange

Omdat ons sedert 1983 ons dienste en ons produkte aangepas het by die behoeftes van ons hoofsaaklik portefeulje van mynbou ingenieurs en ander professionele werknemers in die mynboubedryf, is ons benadering tot finansiële advies meer kompleks in die algemeen en in baie gevalle heel anders as die van die ander onafhanklike finansiële adviseurs. Weens ons behoefte om ons kliënte se beleggings teen groot mark ineenstortings te beskerm was ons verplig om 'n kategorie IIA fondsbestuur lisensie te bekom, om onderstaande fondse in drie van die verskillende hoofbate klasse te kon bestuur, om voorsiening te maak vir 'n situasie waar ons nie een van ons fonds van fondse in 'n bepaalde bate klas wat in duie stort, betyds na kontant toe te kon oorskakel nie. Ons fonds van fondse/saamvat fondse veroorsaak 'n moontlike konflik van belange. Daar kan dus gesê word dat ons nie met reg kan se dat ons onafhanklike finansiële adviseurs is nie, indien ons ons kliënte aanbeveel om in een van die drie ondergenoemde fondse te belê. Ons argumenteer natuurlik dat ons op 'n onafhanklike wyse, die onderliggende fondse van ons drie fonds van fondse kies, sonder enige beïnvloeding. Ons Fonds van fondse is:

Ons fonds van fondse/saamvat fondse bestuur ons via ons gesegegreerde mandaat vir aktiewe bestuur of passiewe bestuur ooreenkomstig kliënte se behoeftes.

- 11.1.2.1 Stable SA
- 11.1.2.2 Equities SA
- 11.1.2.3 Global SA
- 11.1.2.4 Compulsory SA
- 11.1.2.5 Stable Offshore
- 11.1.2.6 Equity Offshore
- 11.1.2.7 Moriah Offshore
- 11.1.2.8 Trading Offshore

11.2 Beperkte Finansiële Advies

Kliënte wat verkies dat Kanaan finansiële advies en diens verskaf beperk tot die prosessering van voorafbepaalde belegging en finansiële sekuriteit produkte waar die kliënt se risiko en beleggingsportefeulje nie aktief deur Kanaan Bate bestuurders bestuur word nie, sal Kanaan steeds kommissie van lewens maatskappye ontvang, ten opsigte van die bepaalde lewens en ongeskiktheid produkte aangekoop, maar in die geval van beleggings sal Kanaan slegs 'n voortgaande fooi ontvang van 0.5% per jaar, gehef vanuit die kliënt se beleggings portefeulje, maandeliks agterna, sonder 'n prestasie fooi, deur middel van ons gesegregeerde mandaat vir passiewe bestuur, waar ons deur middel van 'n saamvat fonds in Suid Afrika sowel as in die buiteland, sekere staatseffekte, industriële effekte en sekere inkomste fondse, sowel as sekere verskansing fondse uitkies, in 'n poging om die plaaslike geldmark koerse of die buitelandse geldmark koerse, afhangende van die geval, te klop.

Kliënte kan te enige tyd verander vanaf beperkte finansiële advies, na aktiewe finansiële advies totaal of gedeeltelik in ooreenkoms met Kanaan bate bestuurders.

11.3 Fonds bestuursfooie

	TYPE OF FUND	DFA/ ONGOING FEE	PERFORMANCE DRIVEN FEE (PDF)	IFA/ ONGOING FEE	INITIAL FEE
11.3.1	Moriah Global FoF Equity Offshore	1.6% (Exc. Vat)	15% of performance above the previous high- water mark monthly in arrears.	0% (Exc. Vat)	5% (Exc. Vat)
11.3.2	Trading Offshore Currency Offshore	1.6% (Exc. Vat)	20% of performance above the previous high- water mark monthly in arrears.	0% (Exc. Vat)	5% (Exc. Vat)
11.3.3	Stable Offshore (Passive Management)	0.8% (Exc. Vat)	20% of performance above 6% per annum according to the high- water mark principle monthly in arrears.	0% (Exc. Vat)	5% (Exc. Vat)
11.3.4	Active Wrap Funds SA: Equity SA Global SA Compulsory SA	0.6% (Exc. Vat)	15% (Exc. Vat) of performance above (Inflation + 3%) according to the high-water mark principle yearly in arrears.	1% (Exc. Vat)	5% (Exc. Vat)
11.3.5	Passive Wrap Funds (Passive Management): Stable SA	0.3% (Exc. Vat)	0%	0.5% (Exc. Vat)	5% (Exc. Vat)

- DFA (Diskresionêre Finansiële Adviseur)
- FA (Finansiële Adviseur)

Die PDF (Prestasie Gedrewe Fooi) word bv. as volg gehef. Indien die inflasie koers 7% was, dan sal die hoogwatermerk vir die bepaalde jaar wees $7\% + 3\% = 10\%$. Indien die bepaalde fonds vir die bepaalde

jaar, bv. 'n opbrengs gelewer het van 20%, sal die prestasie fooi gehêf word van dit wat die prestasie meer was as die genoemde hoogwatermerk wat in hierdie voorbeeld 10% is, en aangesien die totale opbrengs in hierdie voorbeeld 20% was, sal die prestasie fooi op die addisionele 10% gehêf kan word, naamlik 1.5% ($20\% - 10\% = 10\% \times 15\% = 1.5\%$). Die kliënt sal dus in hierdie voorbeeld nie 20% verdien nie, maar wel $20\% - 1.5\% = 18.5\% - 1\%$ (bestuursfooie) = 17.36%. Behalwe vir die fooie van die finansiële adviseur, soos genoem in paragraaf 11.1 en 11.2, word al die fooie in paragraaf 11.3 en paragraaf 11.4, (behalwe in die geval van passiewe en verpersoonlikte fondsbestuur) as 'n uitgawe bereken, alvorens die daaglikse prestasie van die fonds aan die media verklaar word, en in die geval van Kanaan Hedge Fonds en Moriah, per maand op Kanaan Trust se webwerf. Die bogenoemde fooie word betaal uit die fonds se dienste rekening en veroorsaak dus ooreenkomstig 'n vermindering in opbrengs. Aangesien die IFA fooie soos hierbo aangedui in die tabel nie altyd dieselfde is nie kan dit nie as 'n uitgawe aangedui word voor die berekening van die fonds waarde soos maandeliks verklaar word in die bepaalde feite state nie, verkrygbaar op Kanaan trust se webwerf nie, en moet dus saam met die verpersoonlikte bestuursfooie vanaf elke bepaalde kliënt se bepaalde belegging se onderaandele ooreenkomstig afgetrek word.

Vir meer inligting ten opsigte van die fondsbestuur fooi, raadpleeg asb. par. 10 in die geval van Moriah Global FoF en par. 6 in die geval van Kanaan Hedge FoF en Kanaan Bci Balanced FoF. Verkrygbaar by www.kanaantrust.com of op aanvraag.

11.3 CIS Bestuurs (Collective Investment skema bestuurder) en of Administratiewe fooie (CIS Bestuurder tree gewoonlik ook op as Administrateur in die geval van 'n vrywillige bydrae fonds, maar nie vir 'n addisionele fooi nie en dus slegs 0.35% per jaar en nie $0.35+0.35\%$ nie.)

11.4 In die geval van Kanaan Bci Balanced FoF, is BCI (Boutique Collective Investments Pty Ltd) die **CIS bestuurder** wat die fonds besit, die voldoening hanteer, fonds administrasie en beleggers administrasie van die fonds hanteer. BCI hef nie 'n aanvangs fooi op beleggings nie, maar hef 'n voortgaande administratiewe fooi, minimum 0.35% per jaar, wat maandeliks agterna gehêf word afhangende van die grootte van die boek. Hierdie fooi word egter nie addisioneel deur die kliënt of belegger betaal nie, maar dit word deur Kanaan vanuit sy bogenoemde fonds bestuursfooie van 1% per jaar betaal soos hierbo onder par 11.3.

11.5 Administrateur ook genaamd gekoppelde Diens Verskaffer (LISP) se fooi

In die geval van verpligte bydrae fondse soos UA's, LA's en bewaring fondse verplig die wet die gebruikmaking van 'n administrateur wat nie die CIS bestuurder is nie. Vir kliënte wat gebruikmaak van ons verpersoonlikte fondsbestuur dienste waar ons vir die kliënt ooreenkomstig sy risiko profiel en mark omstandighede in terme van ons diskresie en Cat2A lisensie, sekere effektrust fondse kies en ooreenkomstig bestuur, (Soos genoem in 11.3 se tabel) maak Kanaan van verskillende Administrateurs/LISPS gebruik soos gelys onder produk verskaffers in par6 hierbo wat 'n fooi hef met 'n maksimum van 0.25%p/j maandeliks agterna gehêf volgens 'n glyskaal ooreenkomstig die grootte van die belegging. Hierdie fooi word gehêf deur van die onderaandele van die bepaalde belegging af te koop. Meer besonderhede van hierdie fooi kan gevind word in die aansoekvorm van die bepaalde administrateur/LISP.

11.6 Distribusie / Kortings Fooie

In die geval van al die Kanaan FoF's word geen distribusie fooie/kortings aan entiteite betaal in 'n poging om hulle om te koop om in Kanaan se fondse te belê nie. Ander instansies en finansiële adviseurs moet op grond van 'n finansiële ontleding van hulle kliënte se behoeftes besluit of die Kanaan fondse by hulle kliënte se behoeftes aangepas is en daarvolgens kliënte se beleggings in Kanaan se Fondse belê, waarvolgens hulle, hulle finansiële advies fooi teen die onderaandele van hulle kliënte se beleggings hef.

11.8 Onderliggende Fonds fooie

Kanaan Bate bestuurders belê nie direk in aandele, aandele of afgeleides nie, maar eerder in verskillende ander fondse. Hierdie onderliggende fondse hef natuurlik hul eie fooie op die belegging wat in hul fonds gemaak word. Hierdie fooie word voor die berekening van die NVG van die belegging wat in hierdie fondse gemaak is, afgetrek en sal nie 'n terugkoop van eenhede tot gevolg hê nie.

11.9 Addisionele Fooie

Verdere fooie mag gehef word indien 'n kliënt addisionele dienste benodig.

Ondertekening van dokument:

Kliënte:**DATUM:** _____

FINANSIELE ADVISEUR:**DATUM:** _____